## DIE VRAAG NA 'N MOONTLIKE NUWE BENADERING VAN GESKIEDENIS AS SKOOLVAK

Die woord „geskiedenis" kan in tweërlei betekenis opgeneem word. Dit kan nl. staan vir dit wat gebeur het, d.w.s. vir die volle werklikheid in objektiewe sin, maar dit kan ook staan vir die beskrywing van wat gebeur het, d.w.s. vir die verhaal van die geskiedenis of die geskiedenis in subjektiewe sin. Vakwetenskaplikes aanvaar dat die onderwys van die geskiedenis van 'n volk, berus op die opvatting of voorstelling wat daardie volk vir homself van die geskiedenisverhaal maak. So 'n voorstelling of opvatting word nie deur die historici in die eerste plek geskep nie, want dit ontstaan en bestaan reeds in die opvatting van die volk voordat die historikus daaraan gestalte gee. Hy benader die geskiedenis as werklikheid vanuit sy standpunt oor, of opvatting van die geskiedenis. Vanuit hierdie standpunt interpreteer hy die verlede, en dit laat hom sekere gebeurtenisse of feite onderstreep of benadruk, terwyl ander weer in die skaduwee gestel word. Hy beskou die geskiedenis vanuit 'n sekere hoek, al na gelang sy geskiedenisvoorstelling hom lei. Sonder hierdie interpretasie van die geskiedeniswerklikheid kan ons geen geskiedskrywing kry nie en bly die werk van 'n skrywer blote kroniekskrywing soos die werk van die monnike in die kloosters van die Middeleeue. Aan die ander kant is dit hierdie interpretasie wat die subjektiewe element aan die geskiedskrywing verleen, want dit kom daarop neer dat geen twee skrywers dieselfde voorstelling van 'n besondere gebeurtenis sal gee nie. Dit maak egter nog nie die geskiedenisverhaal onwaar nie, tensy dit 'n opsetlike verdraaiing inhou waarmee die skrywer 'n vooropgesette idee wil bewys en dan sy feite so uitsoek of weglaat, dat hy daarmee sy stelling kan bewys. Dan is dit egter nie meer interpretasie nie, maar verdraaiing. Indien ons dus by 'n volk op verskillende tye in sy geskiedenis verskillende geskiedenisvoorstellings of beeld aantref, moet ons verwag dat die geskiedskrywing in daardie tye dienooreenkomstig sal verskil.

Watter geskiedenisbeeld[1] of -opvatting het in die paar eeue van die Afrikaanse volksbestaan onder die volk geleef en in sy geskiedskrywing tot uiting gekom?

In die Kaapkolonie van die 17de en 18de eeu was daar geen voorstellingsbeeld van die geskiedenis nie. Eers met die koms van die Britse bestuur, het daar ook 'n beeld van die geskiedenis van ons land na vore gekom. Dit was tydens die „Cape History"-periode wat feitlik die hele 19de eeu omvat het. Daar was nog geen sprake van 'n eie vaderlandse geskiedenis nie. In die Engelsgeoriënteerde skole is slegs algemene geskiedenis geleer wat neergekom het op die geskiedenis van Brittanje en die uitbreiding van die Britse ryk. Hierin het die Kaap ook sy plek

[1] In verband met die geskiedenisbeeld, verwys ek na prof. F. A. van Jaarsveld se *Die Afrikaner se Geskiedenisbeeld* soos gepubliseer in *Lewende Verlede,* A.P.B., Johannesburg, 1962, p. 55-78.

gekry met die gevolg dat 'n skoolhandboek wat in Engelse skole gebruik is, soos Green se *Short History of the English people,* net so hier ingevoer is. Dit het Groot-Brittanje in die middelpunt geplaas en met betrekking tot die Kaap het dit geleer watter seëninge Britse bestuur vir die bewoners gebring het. Met hierdie vooropgestelde opvatting van die Kaapse geskiedenis, was die totaalbeeld ook heeltemal negatief teenoor die Hollandssprekendes wie se aandeel aan die opbou van die land sedert 1652 heeltemal verdwerg is in die skadu van die magtige Britse ryk. Met so 'n vreemde inhoud en onpatriotiese doelstelling het die onderwys van die geskiedenis in die Kaapse skole eerder 'n gevoel van minderwaardigheid teenoor die eie, as 'n gevoel van trots en patriotisme gekweek. Skoolgeskiedenisboeke soos die van Wilmot, Sidwell en Whiteside het hierdie vreemde gees geadem en dit was nie voor die einde van die eeu nie dat boeke soos Theal se *South Africa* en Nico Hofmeyer se *Kykjes in onze Geschiedenis* 'n ander beeld geteken het nie. Die Afrikaanse bevolkingsdeel het intussen sy eie beeld van die geskiedenis begin ontwikkel. Daar het vir hom nuwe perspektiewe oop gegaan wat aan sekere faktore toegeskryf moet word.

Die laaste kwart van die 19de eeu kenmerk vir die Afrikaner die tydperk van nasionale bewuswording. Gebeurtenisse in die Republieke het die bestaande toestande ingrypend verander. Die betreklik vriendskaplike verhouding tussen Boer en Brit is 'n vernietigende hou toegedien deur die inmenging van Britse imperialiste in die sake van die Republieke: Ek verwys na die anneksasie van Basoetolond (1868), die anneksasie van die diamantvelde (1871), die Eerste anneksasie van Transvaal (1877), die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die teruggawe van slegs 'n halwe onafhanklikheid in 1881. Hierdie gebeurtenisse het nie alleen die twee Republieke nader na mekaar gedryf nie, maar dit het die Afrikaanssprekendes van die hele land bewus gemaak van hul gemeenskaplike belange teenoor 'n gemeenskaplike bedreiging van buite. Die Afrikaanse volksbestaan is bedreig en die onsekerheid oor die toekoms het 'n krisis geskep. Die Afrikaanse bevolkingsdeel het begin besef dat daar slegs 'n toekoms in eenheid lê. Nasionale bewussyn kon nie uitbly nie. Hulle besef dat hulle 'n gemeenskaplike vaderland het, 'n gemeenskaplike taal en kultuur en veral 'n gemeenskaplike verlede of geskiedenis. So is die verdeeldheid wat die Groot Trek tussen die Republiekeinse Noorde en die koloniale Suide gebring het, weer oorbrug. Die griewe van die Trekkers wat reeds sluimerende was, is deur die bogenoemde optrede van die Britse imperialiste weer wakker geskud. Daar kom 'n nuwe geskiedenisbeeld wat geleidelik met die politieke stryd van die eeu saamgroei. Paul Kruger se stryd teen die Uitlanders, die mislukte Jamesonstrooptog en die Driejarige Oorlog, het 'n nuwe krisis gebring en dit het die geskiedenisbeeld voltooi. Die beeld wat opgeteken staan in *Een Eeuw van Onrecht.* Aan die een kant staan die Afrikaner wat stry om sy vryheid en regte en wat al die lyding en ellende vanaf die Groot Trek tot in die Konsentrasiekampe moes verduur. Dit is 'n weg van onreg, vervolging, verdrukking,

lyding en die verlies van die republikeinse vryheid en staatsvorm. Die Afrikaanse volksdeel het by Vereeniging voor die ernstigste krisis in sy bestaan te staan gekom. Sou die volksbestaan verdwyn saam met die Republieke of sou daar 'n nuwe vryheid gebore word? Daar het die Afrikaner se geskiedenisbeeld sy beslag gekry: Die grense tussen Boer en Brit is sterk getrek en die verlange na die verlore republikeinse staatsvorm het 'n doelbewuste en doelgerigte ideaal geword. Nasionalisme het weer eens hoog opgevlam en die toekoms is letterlik op die verlede gebou soos so duidelik deur President Kruger in sy bekende laaste boodskap aan die volk gestel is. Die verlede was in menige opsig 'n verhaal van tragiek en lyding, maar ook van romantiek en heroïsme. Dit het 'n bron van inspirasie geword, die dryfkrag in die stryd om alle volksvyandige instansies te beveg. Die volk is veral by volksfeeste gemaan om nie sy geskiedenis te vergeet nie. Dink aan die magtige invloed wat daar bv. in 1938 uitgegaan het van die grootse geskiedenisvoorstelling. Nasionalisme het soos 'n vuur opgevlam en oor die hele vaderland versprei.

Die Afrikaanse standpunt in die geskiedenis het in die twintigerjare ook in die geskiedskrywing sy uitdrukking gevind en is teen daardie tyd in ons skoolhandboeke opgeneem. Die werke van Eric Stockenström en S. F. N. Gie het die „Cape History" vervang. Suid-Afrika is uit sy posisie van 'n verowerde land en koloniale minderwaardigheid uitgelig en het die middelpunt van geskiedenisonderrig geword. Vaderlandse geskiedenis het sy verskyning gemaak.

Die Afrikaner se geskiedenisbeeld is dus hoofsaaklik gebou op die gebeurtenisse van die 19de eeu, 'n tydperk wat globaal beskou, ook gesien kan word as 'n stryd van die Afrikaanssprekende om sy vryheid teen die groeiende Britse imperialisme te beskerm. Dit begin reeds met die anneksasie van Natal en die Oranje-Vrystaat en neem steeds in intensiteit toe namate die stryd om Transvaal hewiger word en eindig met 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag. In hierdie geskiedenisbeeld kan die volgende hoofkenmerke onderskei word:—

(a) Die geskiedenisbeeld vertoon twee strydende partye: Die Afrikaner-trekker, veeboer, republikein, strydend en vegtend om sy vryheid en onafhanklikheid; teenoor die imperialisme wat daardie onafhanklikheid bedreig en uiteindelik wegneem. As ons die toesprake van Paul Kruger by sy inswerings as president lees, hoor ons hom elke keer belowe dat hy die onafhanklikheid van die volk sal beskerm. Gedurende sy lewe, tussen 1852 en 1902 speel hierdie stryd hom volledig af en tot vandag toe is Kruger se lewe en werk vir die Afrikaner die simbool van vryheid en republikanisme.

(b) 'n Tweede sterk element in hierdie geskiedenisbeeld is die onreg wat die volk gely het langs die lang pad van anneksasies en stryd. Dit is vervat in *Een Eeuw van Onrecht.* Die geskiedenisboeke wat daarna verskyn het, het steeds een of ander gedeelte van die geskiedenis waar 'n wandaad of onreg gepleeg is, in die regte perspektief probeer stel. Vandaar die apologetiese aard van ons geskiedskrywing.

(c) Die sterk godsdienstige inslag is 'n derde kenmerk van ons geskiedenisvoorstelling. Die Calvinisties-georiënteerde volk sien die geskiedenis, naas die skepping en die Skrif, as openbaring van God se leiding en beskikking in die volkslewe. Hy is hom sterk bewus van sy geroepenheid en 'n taak tot verbreiding van die beskawing en die Christendom in hierdie land.

(d) Die republikeinse staatsvorm was naas die politieke onafhanklikheid die konstitusionele ideaal van die Afrikaner. Nie alleen is republieke in Natal, Oranje-Vrystaat en Transvaal gestig nie, maar ook kleiner republieke soos Stellaland, Goosen, die Nuwe Republiek en andere. Saam is onafhanklikheid en die republikeinse staatsvorm by Vereeniging prysgegee, maar die ideaal het bly lewe en na die ontstaan van die Unie is die stryd om soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika voortgesit en die republikeinsc staatsvorm het weer 'n ideaal geword. Soewereine onafhanklikheid is stap vir stap verwesenlik en in 1961 het die volk van Suid-Afrika die Republikeinse staatsvorm goedgekeur. Die Afrikaanse geskiedenisbeeld is dié van 'n stryd om 'n republiek.

(e) Die eeu van stryd en onreg, kan ook gesien word as 'n tydperk wat die Afrikaanse geskiedenis versier het met baie helde en heldedade. Die Trekkergeskiedenis, die stryd teen wilde diere en barbare, die vryheidsgevegte, dink aan Vegkop, Kapain, Bloedrivier, Congella, Boomplaas, Amajuba en soveel ander het groot heldedade opgelewer, waarop die Volk van Suid-Afrika met reg trots kan wees, en waarvan reeds soveel inspirasie, ook in die letterkunde, uitgegaan het en nog uitgaan. Daarsonder sou die Afrikaanse geskiedenisbeeld onvolledig wees.

(f) Die rasseverhouding vind ook 'n duidelike plek in die geskiedenisbeeld. Die uitdrukking Boer en Brit het 'n geweldige draagwydte en suggereer 'n eeu van stryd en botsing op verskillende terreine wat vir die Afrikaanssprekende as klein en minderwaardigheidsgroep swak afgeloop het en hom met wrewel vervul het. Hierdie stryd het 'n politieke stryd geword en het met tye die geskiedenisbeeld totaal oorheers. Die stryd tussen Boer en Barbaar wat in die 19de eeu sulke groot afmetings aangeneem het, het later die verhouding van baas en kneg geword.

(g) 'n Laaste trek van die Afrikaner se geskiedenisbeeld wat ek wil noem, is sy houding teenoor immigrasie. Terwyl die volk baie trots is op sy samestelling uit Geuse en Hugenote in die 17de en 18de eeu, het dieselfde volk in die 19de eeu soveel moes verduur van vreemdelinge wat hom sy politieke en ander vryhede kom ontneem het, dat vreemdelinge vir hom uitlanders, volksvyande geword het. Dit het 'n neiging tot isolasie in die hand gewerk. Terwyl ander jong lande immigrante by die miljoene uit Europa ontvang het, het die blanke stroom uit die Ou wêreld na Suid-Afrika feitlik opgedroog. Intussen het die nie-blanke stroom uit die reservate steeds sterker gevloei.

Hierdie geskiedenisbeeld wat ek kortliks probeer teken het, is myns insiens reeds besig om 'n metamorfose te ondergaan as gevolg van veranderde omstandighede.

Met republiekwording het die hele statusvraagstuk van die toneel verdwyn en is ook die eeue-lange stryd om die verkryging en om die behoud van die vryheid afgesluit; die twee strydende partye, die verdrukker en verdrukte, Boer en Brit, het ewe-eens gewyk; die imperiale faktor is saam met die statusvraagstuk uit ons sake van die dag verwyder. Albei partye is reeds besig om terug te kyk, nie op die geskille nie, maar op die gesamentlike prestasies, en gemeenskaplike erfenis. Die een erken die ander se konstruktiewe bydrae tot die opbouing van die land en daar kom wedersydse waardering en respek. Onlangs het die eerste President van die Republiek van Suid-Afrika by 'n fees van die 1820 Setlaars hom só uitgedruk: „Ons stam uit 'n baanbrekersgeslag, of hulle Setlaars of Voortrekkers was, en hul geskiedenis, uithouvermoë en vergesigte verskaf ons 'n gesamentlike erfenis waarop ons regmatiglik trots is. Hul awontuurlike prestasies boei ons, maar hulle positiewe deel aan die bydrae tot die vorming en ontwikkeling van ons Suid-Afrikaanse nasie, vervul ons met bewondering en dankbaarheid. By uitstek het die tyd aangebreek om ons mense gedagtig te maak aan die rol wat die Setlaars van 1820 in ons geskiedenis gevul het, veral in hierdie tydperk waarin ons aandring op 'n nuwe bedeling in ons taak van nasiebou."

Ons sou die woorde van die President by hierdie besondere geleentheid van toepassing wou maak op albei bevolkingsdele deur te beweer: By uitstek het die tyd aangebreek om ons mense gedagtig te maak aan die rol wat die twee bevolkingsgroepe in ons geskiedenis gevul het, veral in hierdie tydperk waarin ons aandring op 'n nuwe bedeling in ons taak van nasiebou. In die taak van nasiebou het die onderwys van geskiedenis steeds sy bydrae gelewer. Dit is sy taak om ook in die nuwe bedeling sy bydrae te lewer.

Die rasseverhouding Boer en Barbaar het 'n nog groter verandering ondergaan. Van 'n blote huishoudelike probleem het dit internasionale afmetings aangeneem wat deur die winde van verandering oor Afrika heen en ook oor die grense van ons land gedra is. Ook die naturel het sy bydrae tot die ekonomiese opbou van ons land gelewer en wel in die verhouding van kneg tot baas. Die blanke Suid-Afrikaner word nou geroep tot kerstening van en oordraging van die beskawing aan die Bantoe, hetsy dan binne die grense of in die tuislande soos die saak ook al ingesien mag word. Dit is die weg wat gevolg word in die Transkei onder die Xhosasprekende volk, waar die gebied nou besig is om te ontwikkel tot 'n selfstandige staat onder beskerming van die blankes.

'n Ander faktor wat 'n magtige verandering in die Afrikaanse geskiedenisbeeld meegebring het, is die ekonomiese. Die Afrikaner veeboer van die vorige eeu het intussen verstedelik en die land geïndustraliseerd geraak. Die boerdery raak gemeganiseer en die landelike romantiese toestande het gewyk vir die geïndustraliseerde stedelike omstandighede. Van 'n betreklik arm land wat hoofsaaklik invoerder was, het die Republiek uitgegroei tot 'n welvarende land van wie die bates nog steeds met miljoene rande groei. In die Republiek is soveel buitelandse kapitaal belê dat

daarmee behoorlik rekening gehou moet word in die reëlings van die internasionale verhoudings. En dit bring my by die laaste ingrypende verandering in ons geskiedenisbeeld nl.:

*Suid-Afrika se internasionale posisie*

Die Republiek van Suid-Afrika het ontstaan uit state wat almal kolonies van Groot-Brittanje was. Die land se posisie van onmondigheid oor so 'n lang periode, sy koloniale mentaliteit, staan sterk afgebeeld in ons geskiedenisbeeld en nou dat volwassenheid bereik is, kom die land in 'n totaal nuwe internasionale posisie te staan. Vroeër was die Unie van Suid-Afrika die enigste Britse dominium in Afrika wat ook lid van die Volksbonde was, maar in die afgelope dekade het die onafhanklike state en lede van die Verenigde Volke Organisasie met tientalle toegeneem. Hierdie Afrikastate is vervul met 'n gees van swart nasionalisme en anti-kolonialisme waarvoor al die blanke koloniserende moondhede, behalwe Portugal, reeds uit Afrika die wyk moes neem. Voor die wêreldorganisasie staan ons Republiek aangeklaa as koloniste, vreemdelinge, oorblyfsels uit 'n vorige eeu: Dit is die beeld wat die swartman van ons geskiedenis het. Ons vaderland is ingetrek in die internasionale politiek en staan voor 'n dreigende gevaar waarteen reeds bewapen word. 'n Groter stimulus en pleitgrond tot samewerking en nasiebou as voorwaarde van selfbehoud, kan daar nie vir die blankes in Suid-Afrika kom nie.

Hierdie bepaalde nuwe internasionale situasie vereis ook reoriëntering van die geskiedenisbeeld in ons land.

Die Groot Trek en die Vryheidsoorloë kan nie meer die geheelbeeld vorm nie. Die land en volk het die internasionale politiek betree as gevolg van sy unieke landsvraagstukke. Die ou patroon van ons geskiedenisbeeld bevredig nie meer nie. Nuwe lewens- en tydsomstandighede het belangrike nuwe perspektiewe bygebring. Die nuwe geskiedenisbeeld wil nie alleen oor die grense van die blanke taalgroepe heen kyk nie, maar moet ook Suid-Afrika se plek in 'n eenwordende maar onsimpatieke wêreld duidelik weerspieël. Net soos wat die onderwys van geskiedenis in die verlede 'n sterk vormende krag in die volkslewe was, net so moet dit ook in die toekoms bydra om 'n sterk Suid-Afrikaanse volk te bou. Om dit te kan bereik moet by die onderwys van geskiedenis die feite so beklemtoon word dat dit nie verdeeldheid nie, maar eenheid kan bring en moet daardie geskiedenis van die 20ste eeu wat reeds in die leergang ingesluit is, beter tot sy reg kom.

A. G. Coetzee.